



« Verbeterde doeltreffendheid deur innovasie »



# KynoFulvate Yellow®

**Kynoch**



**Naam:**

**KynoFulvate Yellow Fulviensuur**

**Eienskappe (Wat):**

Fulviensuur	10.0 % m/m
Voorkoms	Geel tot donker bruin vloeistof
pH	3.5 – 4.0
Soortelike gewig(SG)	1.0 – 1.10 g/cm³

- Navorsing het bewys dat fulviensure die metabolisme van plante tot so 'n mate beïnvloed dat dit plantgroei verbeter en stresverdraagsaamheid verhoog.
- Fulviensure is oplosbaar in beide alkalise- en suuroplossings terwyl humiensure onoplosbaar is in suurmédiums.

**Toediening (Hoe):**

<b>Blaartoedienings</b>	Tuinbou	0.5 ℥ per 100 ℥ water en tot 3 ℥ Fulviensuur per hektaar
	Akkerbou rygewasse	1.0 ℥ per 60 -100 ℥ afhangend van blaaroppervlakte
<b>Worteldeurweking</b>	Tuinbou	300 mL per 100 ℥ water
<b>Sproeibemesting</b>	Tuinbou	3 - 5 ℥ per hektaar. Dien maandeliks toe gedurende die aktiewe groeiseisoen.
<b>Grond toegediende vloeibare kunsmis</b>	Akkerbou rygewasse	1 ℥ per 100 ℥ vloeibare kunsmis. Toets eers die mengbaarheid voor toediening

**Voordele (Hoekom):**

- Die humiensure bevorder mobilisering en vervoer van metaal-ione hoofsaaklik deur 'n kompleksierings-effek (beskerming teen chemiese reaksies).
- Omdat fulviensuurmolekules so klein is, is dit moontlik vir fulviensure om deur mikroporositeit van selmembrane te beweeg terwyl humiensure nie daar toe in staat is nie. Hierdie eienskap tesame met die vermoë om ione te kompleksieer, stel hulle instaat om metaal ione soos yster en ander mikro-elemente te mobiliseer en te vervoer.
- Fulviensure bevorder wortelgroei deur verhoging van laterale wortels, wortellengte asook haarwortellengte wat baie belangrik is vir goeie voedingstofopname.
- Die plant se verdraagsaamheid teen droogtestres word verhoog as gevolg van die verhoging in aminosure binne die selle van die plant. Dit stel die plant instaat om nog steeds te groei en ontwikkel onder droogtestrestoestande.
- Fulviensure is 'n belangrike komponent van grondbiologie omrede mikrobes fulviensure as 'n bron van voedsel benut.
- Fulviensure kan gemeng word met 'n reeks kunsmisoplossings a.g.v. hulle mengbaarheid met beide suur- asook alkaliese oplossings. Die toets van mengbaarheid op 'n klein skaal word egter voorgestel.

**Gebruike (Waar):**

- Fulviensure bevoordeel die meeste landbou gewasse veral gedurende die vestiging stadium asook gedurende periodes van uiterste klimaats toestande.
- Gebruik fulviensure in kombinasie met stikstoftoedienings.